Jes. 3:2,3 I Een Ding Ontbreek Jou    1 Aand. 10 Sept. 1961
Jes. 62:3,4.    Openb. 2:1-7
" 156: 5.

Openb. 2:4 - Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

Begin vnm met eerste van 7 boodskappe oor d. 7 briewe van Xtus uit d. hemel geskrywe aan 7 gemeentes op aarde. Die getal 7 (getal van volmaaktheid i/d Skrif) wys duidelik daarop dat dit nie afsond. bdske is - nie 7 bdske aan 7 afs. Kerke nie - maar een bdsk. - almal saam vir elke Kerk. Dis 'n bdsk. van Xtus uit d. Hemel aan sy Kerk van alle eeue.

Die eerste brief is gerig aan Efese - met 'n baie goeie rede.

Geskiedenis v.d. Stad:

1. Die grootste hawestad in Asië - al d. groot handelsroetes van die Ooste oor Asië peil af op hd. stad: Eufraat, Mesopotamië, Galasië, die Meander vallei. D/om Efese die poort van Asië, die grootpad na Rome (martelaarspad)
2. Dit was 'n „vry stad": sekere stede i/d Romeinse ryk aan wie besondere voorregte geskenk is (selfregering, geen troepe, regspraak daar) genoem „vry stede".
3. Die sentrum v. aanbidding v. Artemis (Diana) met die tempel v Diana - een v.d. 7 wonders v.d. wêreld - behalwe nog 2 ander tempels gewy aan Romeinse Keisers. Hier was d. heidense godsdiens op sy sterkste!
4. Bergte sentrum van heidense bygeloof: die sgn. Efesiër-krale („charms") wat allerlei genesende v geluk brengende eienskappe sou besit. Mense oor hele wêreld hulle kom koop!
5. Stad met groot gemengde bevolking - middelpunt van misdaad en onsedelikheid: honderde priesteresse by tempel sgn. heilige prostitute

→ Dit was Efese: 'n meer ontbelowende teelaarde vir die wortelskiet v.d. Evangelie v JX. nouliks te bedink!

**Stigting van Gemeente:** Volledig beskrywe in Hand. 18-20.
~~D~~ Na haastige besoek Paulus laat hy Aquila & Priscilla agter. Dan kan Apollos & 12 gedooptes. Paulus kom terug. bly ongeveer 3 jr – stig sterk gemeente voor sy vertrek. D/na Johannes die opbouwerk kom voortsit.

Dus: in hd. harde, onvrugbare bodem plant Xtus een van sy sterkste gemeentes, behaal d. Xtdom een van sy grootste triumfe! As beskaming en besoeking vir d. Kerk deur d. eeue om nooit self te bepaal maar na ons mening d. Evangelie sal ingang vind en waar nie! ~~Onbereide stad~~ ~~verswaard~~.

Die Brief Self:

a) Boodskapper: I.d. inleiding van hd. kort briefie van 7 verse gee Xtus 'n beskrywinge van Hs. Elke brief het so 'n beskrywing – elkeen anders, elkeen wat nipas by d. besondere gemeente aan wie Xtus skryf.

① „Wat die 7 sterre in sy regterhand hou": Die 7 sterre is d. ampsdraers, die ouderlinge, die kerkraad. Die woord vir hou is 'n baie sterk woord (κρατειν) = volkome beheer van die volle greep – dus: Xtus die hele Kerk vasgegryp in sy hand, nie net ons Kerk nie, maar elke Kerk. Hy is d. Xtus v.d. hele Kerk – almal in sy hand. Wn mense dus mure opbou of laat opbou tussen Kerk en Kerk doen hulle wat Jesus nooit doen nie en nooit heil doen nie. Regterhand = krag, gesag Hy d. beheer, orde

② „Wat wandel tussen die 7 goue kandelaars" = Die kandelaars is d. Kerke = Xtus „wandel" = sy onvermoeide aktiwiteit in sy kerk. Xtus nie gebonde aan een – Hy is in almal, by almal, weet van almal

b) Bemoediging:

① Ek ken jou werke = julle diens, julle aktiewe besigwees in die diens v.d. Here

② Ek ken jou arbeid = teil = κοπος = arbeid gepaard met groot opoffering, inspanning, uitputting, pyn

③ Jou lydsaamheid = Standvastige volharding, jou moed wat lyding & ontbering omskep in glorieryke getuienis!

④ Dat jy slegte mense nie kan verdra nie = Geen onreinheid, sedelike laksheid – Kerklike tug gesond & suiwer!

⑤ „Op d. proef gestel .... en hulle leuenaars bevind het" Kerk was gesteld op suiwerheid in leer, valse leraars uitgeken en ondeskep.

⑥ Jy verdra het: Die vervolging & bespotting weerstaan

⑦ nie moeg geword het nie: Groot gestel- reserwes- met groot getrouheid volgehou

→ Wat 'n Kerk! Wat 'n pragtige getuigskrif! Watter gemeente vlag kom naby aan hierdie aanprysing? Hoeveel sal ons nie gee as dit alles van Aasvoëlkop of v.d. N.G. Kerk gesê kan word nie! Was 'n perfekte Kerk hierdie!

c) ~~Beskuldiging~~ Betigting: het een sin, net een klag, net een gewiggie op d. ander kant v.d. skaal: jy het jou eerste liefde verlaat! Dis al – maar dis genoeg!

Ons hoor hd. klag ook reeds by Jeremia tee die volk v God: (Jer 2:2) – „So spreek die Here: Ek onthou die getrouheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd"

Wat is d. eerste liefde i/d lewe van 'n Xten. van 'n Kerk? Is dit nie d. eerste heilige verwesing van Xt. kameraadskap, van innige broederliefde, van warme toegeneentheid & ingesindheid, van eendragtige hulp v.d. een ~~H~~ voor die ander nie?

Dit alles was daar: die egte liefde, die liefde wat rein en heilig en opofferend is, die liefde wat alles gegee het en niks geëis het nie. En dit, sê die Here, is weg!

Maar die Here sê nog meer: waar 'n Kerk hierdie liefde nie meer ken nie, nie meer soek bo alle dinge nie, daar kan Xtus & neem d. kandelaar weg! Dws. dd. Kerk kan nie bly bestaan nie - hy verdwyn. Al is die leer hoe suiwer, die tug hoe goed, die organisasie hoe puik - as d. liefde ontbreek, ontbreek alles! Dan is al wat oorbly 'n Kerk sonder hart!

d) Bekering: Drie stappe

① ~~Begin~~ ~~Dt~~ „Onthou": Herinnering altyd die eerste stap terug - herinnering van hoe Xtus u ontmoet het, hoe u vader vir u gebid het, hoe u met ywer vir d. Here gewerk het! DINK

② Berou: Bekeer jou! 'n Heiden kan bekeer - ja! Maar 'n Kerk kan bekeer - hoe op aarde dit moontlik! makliker vir 'n heiden, 'n goddelose, 'n ateis om hom te bekeer as vir 'n Kerkmens! God sê: Kerk moet hom bekeer! DRAAI

③ Begin: Doen die eerste werke - wat die vrug v.d. liefde is! DOEN

e) Beloning: Hy wat oorwin, sal Ek gee om te eet v.d. boom v.d. lewe wat binne-in die paradys v God is

→ Watter geweldige woord!

„Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword"